



# Government Gazette

**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

*Regulation Gazette*

No. 7861

Vol. 463

Pretoria

2

January

2004

**No. 25873**



**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

## GOVERNMENT NOTICE

INTERNATIONAL TRADE ADMINISTRATION  
COMMISSION OF SOUTH AFRICA

No. R. 3 2 January 2004

## IMPORT CONTROL

I, Alec Erwin, in my capacity as Minister of Trade and Industry, acting under the powers vested in me by section 6 of the International Trade Administration Act, (Act 71 of 2002) -

(I) Hereby prescribe that-

(a) goods described in Schedules 1, 2 and 3 shall not be imported into the Republic of South Africa except by virtue of an import permit issued in terms of section 6 of the said International Trade Administration Act, 2002, and in which such goods are specifically described;

(b) all second-hand or used goods, including waste and scrap of whatever nature, shall not be imported into the Republic of South Africa except by virtue of an import permit issued in terms of section 6 of the said International Trade Administration Act, 2002, and in which such goods are specifically described.

(II) Notwithstanding the provisions of paragraph (I) (a) and (b) above, no import permit shall be necessary for the importation into the Republic of South Africa of the following goods:

(a) new and used or second-hand goods landed for transit through the Republic;

(b) new and used or second-hand goods (excluding firearms and ammunition, pneumatic tyres, tyre casings and used or second-hand motor vehicles) imported as household or personal effects for the personal use of a South African citizen returning to the Republic or by a person entering the Republic for purposes of either permanent or temporary residence.

(c) new goods (excluding firearms and ammunition and pneumatic tyres) sent as a bona fide gift for the personal use of the importer or his family by any other person, the free on board value of which does not exceed R5 000.

## GOVERNMENT NOTICE

INTERNASIONALE HANDELSADMINISTRASIE  
KOMMISSIE VAN SUID AFRIKA

No. R. 3 2 Januarie 2004

## INVOERBEHEER

Ek, Alec Erwin, in my hoedanigheid as Minister van Handel en Nywerheid, en handelende kragtens die bevoegdheid my verleen deur artikel 6 van die Wet op Internasionale Handelsadministrasie, (Wet 71 van 2002),

(I) Skryf hierby voor dat-

(a) goedere beskryf in Bylaes 1, 2 en 3 nie die Republiek van Suid Afrika ingevoer mag word nie, behalwe uit hoofde van 'n invoerpermit uitgereik ingevolge artikel 6 van genoemde Wet op Internasionale Handelsadministrasie, 2002, en waarin sodanige goedere spesifiek beskryf is;

(b) alle tweedehandse of gebruikte goedere, insluitendende oorskiet en afvalmateriaal van watter aard ook, nie in die Republiek van Suid Afrika ingevoer mag word nie, behalwe uit hoofde van 'n invoerpermit waarin sodanige goedere spesifiek beskryf word en uitgereik is ingevolge artikel 6 van genoemde Wet op Internasionale Handelsadministrasie, 2002, en waarin sodanige goedere spesifiek beskryf is.

(II) Nieteenstaande die bepalings van paragraaf (I) (a) en (b) hierbo, geen invoerpermit nodig is vir die invoer van die volgende goedere in die Republiek van Suid Afrika nie:

(a) nuwe en gebruikte of tweedehandse goedere wat vir deurvoer deur die Republiek geland word;

(b) nuwe en gebruikte of tweedehandse goedere (uitgesonderd wapens en ammunisie, lugbande, bandkarkasse en gebruikte of tweede handse motorvoertuie) wat as huishoudelike of persoonlike besittings vir persoonlike gebruik ingevoer word deur 'n Suid-Afrikaanse burger wat na 'n afwesigheid van langer as ses maande na die Republiek terugkeer of deur iemand wat die Republiek binnekom met die doel om hom blywend daarin te vestig of om tydelik daarin te vertoef.

(c) nuwe goedere (uitgesonderd wapens en ammunisie en lugbande) as 'n bona fide geskenk vir die persoonlike gebruik van die invoerder of sy gesin deur iemand anders afgestuurd, met 'n vry aan boord waarde van hoogstens R5 000.

<p>(d) new samples of no commercial value or samples sent free of charge to the importer (excluding firearms, ammunition and pneumatic tyres) by any other person, the free on board value of which does not exceed R5 000.</p>	<p>(d) nuwe monsters wat geen handelswaarde het nie of monsters wat deur iemand anders gratis aan die invoerder gestuur is met 'n vry aan boord waarde van hoogstens R5 000.</p>
<p>(e) (i) goods imported from the Republic of Botswana, the Kingdom of Lesotho, Republic of Namibia or the Kingdom of Swaziland which are grown, produced or manufactured in the Republic of Botswana, Kingdom of Lesotho, Republic of Namibia or the Kingdom of Swaziland: Provided that the above shall not be interpreted to include new goods which are subject to import control regulations, used or second-hand goods and goods manufactured from used or second-hand goods imported from outside the common customs area;</p>	<p>(e) (i) goedere wat uit die Republiek van Botswana, die Koningkryk van Lesotho, Republiek van Namibia of die Koningkryk van Swaziland ingevoer word en in die Koningkryk van Botswana, Koningkryk van Lesotho, Republiek van Namibia of Koningkryk van Swaziland verbou, geproduseer of vervaardig is: Met dien verstande dat bostaande nie geïnterpreteer word om nuwe goedere wat aan invoerbeheer maatreëls onderhewig is, gebruikte of tweede handse goedere en goedere wat van gebruikte of tweedehandse goedere vervaardig is en van buite die gemeenskaplike doeanegedebied ingevoer word, in te sluit nie;</p>
<p>(e) (ii) new goods imported from Malawi that are grown, produced or manufactured in Malawi; Provided that the above shall not be interpreted to include new goods which are subject to import control regulations, used or second-hand goods and goods manufactured from used or second-hand goods imported from outside Malawi.</p>	<p>(e) (ii) nuwe goedere wat uit Malawi ingevoer word en in Malawi verbou, geproduseer of vervaardig is: Met dien verstande dat bostaande nie geïnterpreteer word om nuwe goedere wat aan invoerbeheer maatreëls onderhewig is, gebruikte of tweede handse goedere en goedere wat van gebruikte of tweedehandse goedere vervaardig is en van buite Malawi ingevoer in te sluit nie;</p>
<p>(e) (iii) new goods imported from Zimbabwe that are grown, produced or manufactured in Zimbabwe; provided that the above shall not be interpreted to include new goods which are subject to import control regulations, used or second-hand goods and goods manufactured from used or second-hand goods imported from outside Zimbabwe.</p>	<p>(e) (iii) nuwe goedere wat uit Zimbabwe ingevoer word en in Zimbabwe verbou, geproduseer of vervaardig is: Met dien verstande dat bostaande nie geïnterpreteer word om nuwe goedere wat aan invoerbeheer maatreëls onderhewig is, gebruikte of tweede handse goedere en goedere wat van gebruikte of tweedehandse goedere vervaardig is en van buite Zimbabwe ingevoer in te sluit nie;</p>
<p>(f) (i) new spares, subassemblies and materials imported as original equipment for the manufacturing of motor vehicles; new spares and subassemblies imported as spare parts for the maintenance of motor vehicles, but excluding tyres ;</p>	<p>(f) (i) nuwe onderdele, subsamestelle en materiale ingevoer as oorspronklike toerusting vir die vervaardiging van motorvoertuie; nuwe onderdele en subsamestelle vir die instandhouding van motorvoertuie, maar uigesonderd buite-bande;</p>
<p>(f) (ii) all other new spares for all goods which are not subject to import control.</p>	<p>(f) (ii) alle ander nuwe onderdele vir alle goedere wat nie aan invoerbeheer onderhewig is nie.</p>
<p>(g) new and used or second-hand goods imported into the Republic for repair or maintenance and, after such repair or maintenance, exported to the consigner concerned.</p>	<p>(g) nuwe en gebruikte of tweede handse goedere wat vir herstel of instandhouding in die Republiek ingevoer word en na sodanige herstel of instandhouding na die betrokke afsender uitgevoer word.</p>
<p>(h) new and used or second hand goods exported from the Republic for repair or maintenance and returned to the original exporter in the Republic.</p>	<p>(h) nuwe en gebruikte of tweede handse goedere wat vir herstel of instandhouding uit die Republiek uitgevoer is en na die oorspronklike uitvoerder in die Republiek teruggestuur word.</p>
<p>(i) new and used or second hand empty containers originally containing goods exported from the Republic and returned to the original exporter in the Republic.</p>	<p>(i) nuwe en gebruikte of tweede handse leë houers wat oorspronklik goedere bevat het en wat uit die Republiek uitgevoer is en na die oorspronklike uitvoerder in die Republiek teruggestuur word.</p>

<p>(j) new and used or second hand printed bona fide advertising matter sent free of charge to the importer by any other person.</p>	<p>(j) nuwe en gebruikte of tweede handse gedrukte bona fide advertensiemateriaal wat gratis aan die invoerder deur iemand anders aangestuur is.</p>
<p>(k) new and used or second-hand goods imported in terms of rebate items 409.01 and 409.02 of Schedule 4 of the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964).</p>	<p>(k) nuwe en gebruikte of tweede handse goedere ingevoer ingevolge korting items 409.01 en 409.02 van Bylae 4 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964).</p>
<p>(l) new and used or second-hand goods imported by heads of State, diplomatic and other foreign representatives in terms of rebate item 406 of Schedule 4 of the Customs and Excise Act, 1964 (Act 91 of 1964).</p>	<p>(l) nuwe en gebruikte of tweede handse goedere deur Staatshoofde, diplomatieke-en ander buitelandse verteenwoordigers ingevoer ingevolge kortingitem 406 van Bylae 4 van die Doeane-en Aksynswet, 1964 (Wet 91 van 1964).</p>
<p>(m) new and used or second-hand goods warehoused in a customs and excise warehouse for delivery as ship's stores and goods warehoused in duty free shops.</p>	<p>(m) nuwe en gebruikte of tweedehandse goedere opgeslaan in 'n doeane-en aksynspakhuis vir lewering as skeepsvoorrade en goedere opgeslaan in belastingvrywinkels.</p>
<p>(n) new goods imported in terms of rebate item 470.03 of Schedule 4 of the Customs and Excise Act, 1964 (Act No. 91 of 1964).</p>	<p>(n) nuwe goedere ingevoer ingevolge kortingitem 470.03 van Bylae 4 van die Doeane-en Aksynswet, 1964 (Wet No. 91 van 1964).</p>
<p>(III) Hereby determine that an import permit, except for the conditions specified in the permit, shall be subject to the following conditions:</p>	<p>(III) Bepaal hierby dat 'n invoerpermit, behoudens die voorwaardes in die permit vermeld, onderworpe is aan die volgende voorwaardes:</p>
<p>(a) that only goods of the class and kind specified in the permit may be imported;</p>	<p>(a) dat slegs goedere van die klas of soort vermeld in die permit ingevoer kan word;</p>
<p>(b) that the permit may not in any manner be transferred by the holder thereof to any other person or may not be used to the benefit of anyone not referred to in the permit.</p>	<p>(b) dat die permit nie deur die houer daarvan op enige wyse aan 'n ander persoon oorgedra mag word nie of tot die voordeel van enigiemand nie in die permit na verwys aangewend word nie;</p>
<p>(c) that the permit shall be valid for clearance for a period of 12 months from the date of issue or for such shorter period as indicated in the permit.</p>	<p>(c) dat die permit geldig is vir inklaring vir 'n periode van 12 maande vanaf die datum van uitreiking of vir sodanige korter tydperk in die permit aangedui.</p>
<p>(IV) (a) Goods referred to in Schedules 1, 2, 3 and paragraph (l) (b) above shall not be shipped unless the importer is in possession of an appropriate valid import permit issued in terms of the section 6 of the said International Trade Administration Act, 2002, and in which such goods are specifically described;</p>	<p>(IV) (a) Goedere in Bylaes 1, 2, 3 en paragraaf (l) (b) hierbo vermeld nie verskeep mag word nie, tensy die invoerder in besit is van 'n toepaslike, geldige invoerpermit uitgereik ingevolge artikel 6 van genoemde Wet op Internasionale Handelsadministrasie, 2002 en waarin sodanige goedere spesifiek beskryf is;</p>
<p>(b) goods referred to in Schedules 1, 2, 3 and paragraph (1) (b) above that arrive at ports of entry in the Republic and for which the importer cannot produce a valid import permit shall be deemed to have been imported in contravention of the International Trade Administration Act, 2002.</p>	<p>(b) goedere in Bylae 1, 2, 3 en paragraaf (l) (b) hierbo vermeld wat by poorte van binnekoms in die Republiek aankom en waarvoor die invoerder geen geldige invoerpermit kan toon nie, geag word strydig met die Wet op Internasionale Handelsadministrasie, 2002, ingevoer te wees.</p>
<p>(V) Hereby determine that nothing in this notice shall absolve an importer from the obligation of also complying with the provisions of other legislation relating to the importation of goods into the Republic of South Africa.</p>	<p>(V) Bepaal hierby dat niks in hierdie kennisgewing 'n invoerder vrystel van die verpligting om ook die voorskrifte van ander wetgewing wat op die invoer van goedere in die Republiek van Suid-Afrika betrekking het, na te kom nie.</p>

(VI) Hereby withdraw Government Notice R .2582 of 23 December 1988, as amended.

(VII) Hereby determine that this notice shall come into operation with immediate effect.

**A. ERWIN. M P**  
**Minister of Trade and Industry.**

(VI) Trek hierby Goewermentskennisgewing R .2582 van 23 Desember 1988, soos gewysig in.

(VII) Bepaal hierby dat hierdie kennisgewing onmiddelik in werking tree.

**A. ERWIN. L P**  
**Minister van Handel en Nywerheid.**

## SCHEDULE 1 / BYLAE 1

Description of goods (1)	Tariff heading Tariefpos (2)	Beskrywing van goedere (3)
Fish, fresh or chilled	03.02	Vis, vars of verkoel.
Fish, frozen	03.03	Vis, bevrore.
Fish, fillets and other fish meat (whether or not minced), fresh, chilled or frozen	03.04	Vismote en ander visvleis (hetsy gemaal al dan nie), vars, verkoel of bevrore.
Fish, dried, salted or in brine; smoked fish, whether or not cooked before or during the smoking process; fish meal fit for human consumption but excluding smoked salmon of subheading No. 0305.41	Ex. 03.05	Vis, gedroog, gesout of in pekel; gerookte vis, hetsy voor of gedurende die rokingsproses gekook al dan nie, vismeel vir menslike verbruik geskik maar uitgesonderd gerookte salm van subpos No. 0305.41.
Crustaceans, whether in shell or not, live, fresh, chilled, frozen, dried, salted or in brine; crustaceans, in shell, cooked by steaming or by boiling in water, whether or not chilled, frozen, dried, salted or in brine	03.06	Skaaldiere, hetsy in die dop al dan nie, lewend, vars, verkoel, bevrore, gedroog, gesout of in pekel; skaaldiere, in die dop, onder stoom of in water gekook, hetsy verkoel, bevrore, gedroog, gesout of in pekel al dan nie
Molluscs, whether in shell or not, live, fresh, chilled, frozen, dried, salted or in brine; aquatic invertebrates other than crustaceans and molluscs, live, fresh, chilled, frozen, dried, salted or in brine excluding oyster spat of subheading 0307.10.10	03.07	Weekdiere, hetsy in die skulp al dan nie, lewend, vars, verkoel, bevrore, gedroog, gesout of in pekel; ongewerwelde waterdiere ander dan skaal - en weekdiere, lewend, vars, verkoel, bevrore, gedroog, gesout of in pekel.
Cane or beet sugar and chemically pure sucrose, in solid form from Malawi only	17.01	Rietsuiker of beet suiker en chemiese suiwer sukrose, in soliede vorm van Malawi alleenlik.
Oils and other products of the distillation of high temperature coal tar; similar products in which the mass of the aromatic constituents exceeds that of the non-aromatic constituents.	27.07	Olies van ander produkte deur die distillering van hoëtemperatuurkoolteer verkry; dergelike produkte waarvan die massa van die aromatiese bestanddele die van die nie-aromatiese bestanddele oorskry.
Pitch and pitch coke, obtained from coal tar or from other mineral tars	27.08	Pik en pikkooks verkry van koolteer of van ander minerale.
Petroleum oils and oils obtained from bituminous minerals, crude	27.09	Petroleumolies en olies van bitumineuse minerale, ru.
Petroleum oils and oils obtained from bituminous minerals, (excluding crude); preparations not elsewhere specified or included, containing by mass 70 percent or more of petroleum oils or of oils obtained from bituminous minerals, these oils being the basic constituents of the preparations; waste oils.	27.10	Petroleumolies en olies verkry van bitumineuse minerale (uitgesonderd ru-olie); preparate nie elders vermeld of ingesluit nie, wat volgens massa, minstens 70 persent petroleumolies bevat, of van die olies verkry van bitumineuse minerale, die olies synde die basiese bestanddele van die preparate; afval olies.

Petroleum gases and other gaseous hydrocarbons but excluding butanes of subheadings No. 2711.13.10 and No. 2711.29.10	Ex 27.11	Petroleumgasse en ander gasagtige koolwaterstowwe maar uitgesonderd butaan van subpos No. 2711.13.10 en No 2711.29.10.
Petroleum jelly; paraffin wax; microcrystalline petroleum wax, slack wax, ozokerite, lignite wax, peat wax, other mineral waxes, and similar products obtained by synthesis or by other processes, whether or not coloured but excluding petroleum jelly of subheading No. 2712.10	Ex 27.12	Petroleumjellie, paraffienwas; mikrokristallyn-petroleumwas; olieryke paraffienwas, aardwas, bruinkoolwas, veenwas, ander mineraalwasse, en dergelike produkte verkry deur sintese of ander prosesse, hetsy gekleur al dan nie maar uitgesonderd petroleumjellie van subpos No. 2712.10
Petroleum coke, petroleum bitumen and other residues of petroleum oils or of oils obtained from bituminous minerals but excluding petroleum coke of subheadings No. 2713.11 and No. 2713.12	Ex 27.13	Petroleumkooks, petroleumbitumen en ander oorblyfsels van petroleumolies of van olies verkry van bitumineuse minerale maar uitgesonderd petroleumkooks van subposte No. 2713.11 en No. 2713.12
Bitumen and asphalt, natural; bituminous or oil shale and tar sands; asphaltites and asphaltic rocks	27.14	Bitumen en asfalt, natuurlik; bitumineuse of olieskale en teersand, asfaltiete en asfalt klip.
Bituminous mixtures based on natural asphalt, on natural bitumen, on petroleum bitumen, on mineral tar or on mineral tar pitch (for example, bituminous mastics, cut-backs)	27.15	Bitumineuse mengsels gebaseer op natuurlike asfalt, op natuurlike bitumen, op petroleumbitumen, op mineraalteer, of op mineraalteerpik (byvoorbeeld, bitumineuse mastieke, vloeiasfalt).
Radioactive chemical elements and radioactive isotopes (including the fissile or fertile chemical elements and isotopes) and their compounds; mixtures and residues containing these products	28.44	Radioaktiewe chemiese elemente en radioaktiewe isotope (met inbegrip van die splytbare of nie splytbare chemiese elemente en isotope) en verbindings daarvan; mengsels en oorblyfsels wat hierdie produkte bevat
Isotopes, compounds, inorganic or organic, of such isotopes, whether or not chemically defined.	28.45	Isotope, verbindings, anorganies of organies, van sodanige isotope, hetsy chemies bepaal al dan nie.
Reclaimed rubber in primary forms or in plates, sheets or strip	40.03	Herwonne rubber in primêre vorms of in plate, velle of reep.
Waste, parings and scrap of rubber (excluding hard rubber) and powders and granules obtained therefrom	40.04	Afval, snippers en oorskiet van rubber (uitgesonderd harde rubber) en poeiers en korrels daarvan verkry.
New pneumatic tyres, of rubber	40.11	Nuwe lugbande, van rubber
Retreaded or used pneumatic tyres of rubber; solid or cushion tyres, tyre treads and tyre flaps, of rubber	40.12	Versoolde of gebruikte lugbande van rubber, soliede of kussingbande, bandloopvlakke en bandklappe, van rubber.
Worn clothing and other worn articles	63.09	Verslete klerasie en ander verslete artikels
Used or new rags, scrap twine, cordage, rope and cables and worn out articles of twine, cordage, rope or cables, of textile materials	63.10	Gebruikte of nuwe lappe, afvaltwyn, -touwerk, -toue en -kabels en verskeie artikels van twyn, tou of kabels van tekstielstowwe.
Gold (including gold plated with platinum) unwrought or in semi-manufactured forms, or in powder form	71.08	Goud (met inbegrip van goud met platina geplaat) onbewerk of in halfvervaardigde vorms, of in poeiervorm.

Cobalt mattes and other intermediate products of cobalt metallurgy; cobalt and articles thereof, including waste and scrap	81.05	Rusteenkobalt en ander intermediêre produkte van kobaltmetallurgie; kobalt en artikels daarvan, met inbegrip van afval en oorskiet.
Cadmium and articles thereof, including waste and scrap	81.07	Kadmium en artikels daarvan, met inbegrip van afval en oorskiet.
Antimony and articles thereof, including waste and scrap	81.10	Antimoon en artikels daarvan, met inbegrip van afval en oorskiet.
Manganese and articles thereof, including waste and scrap	81.11	Mangaan en artikels daarvan, met inbegrip van afval en oorskiet.
Beryllium chromium, germanium, vanadium, gallium, hafnium, indium, niobium, (columbium), rhenium and thallium, and articles of these metals, including waste and scrap	81.12	Berillium, chroomium, germanium, vanadium, gallium, hafnium, indium, niobium (kolumbium), renium en tallium, en artikels van die metale, met inbegrip van afval en oorskiet.
Revolvers and pistols	93.02	Rewolwers en pistole
Other firearms and similar devices which operate by the firing of an explosive charge (for example, sporting shotguns and rifles, muzzle-loading firearms, very pistols and other devices designed to project only signal flares, pistols and revolvers for firing blank ammunition, captive-bolt human e killers, line-throwing guns)	93.03	Ander vuurwapens en derglike toestelle wat werk deur die ontsteking van 'n ontplofbare lading (byvoorbeeld, sporthaelgewere en -gewere, voorlaaiervuurwapens, verypistole en ander toestelle ontwerp om slegs seinfakkels te werp, pistole en rewolwers wat loskruitammunisie afvuur, pynlose skuifboutdoders, lynwerpgewere).
Other arms (for example, spring, air or gas guns and pistols, truncheons)	93.04	Ander wapens (byvoorbeeld, veer, lug-of gasgewere en -pistole, knuppels)
Parts and accessories of articles of headings Nos. 93.01 to 93.04	93.05	Onderdele en bybehoorsels van artikels van poste Nos. 93.01 tot 93.04.
Bombs, grenades, torpedos, mines, missiles and similar munitions of war and parts thereof; cartridges and other ammunition and projectiles and parts thereof, including shot and cartridge wads	93.06	Bomme, granate, torpedo's, myne, missiele en derglike krygtuig en onderdele daarvan; patrone en ander ammunisie en projektele en onderdele daarvan, met inbegrip van hael en patroonpluisies.
Other machines for games of skill or chance	Ex 9504.30	Ander masjiene vir behendigheids- of gelukspele.



**SCHEDULE 2/ BYLAE 2**  
**Montreal Protocol**  
**Montreal Protokol**

Description of goods (1)	Tariff Heading Tariefpos (2)	Beskrywing van goedere (3)
1,1,1- Trichloroethane (methyl chloroform)	Ex 2903.19.10	1,1,1-Trichlooretaan (metiel chloroform)
Bromomethane (Methyl Bromide)	2903.30.10	Broommetaan (Metielbromied)
Trichlorofluoromethane (CFC 11)	2903.41	Trichloorfluoormetaan (CFK 11)
Dichlorodifluoromethane (CFC 12)	2903.42	Dichloordifluoormetaan (CFK 12)
Trichlorotrifluoroethanes (CFC 113)	2903.43	Trichloortrifluooretane (CFK 113)
Dichlorotetrafluoroethanes (CFC 114)	2903.44	Dichloortetrafluooretane (CFK114)
Pentachlorofluoroethane	2903.45.10	Pentachloorfluooretaan
Tetrachlorodifluoroethanes	2903.45.15	Tetrachloordifluooretane
Heptachlorofluoropropanes	2903.45.20	Heptachloorfluoorpropane
Hexachlorodifluoropropanes	2903.45.25	Hexachloordifluoorpropane
Pentachlorotrifluoropropanes	2903.45.30	Pentachloortrifluoorpropane
Tetrachlorotetrafluoropropanes	2903.45.35	Tetrachloortetrafluoorpropane
Trichloropentafluoropropanes	2903.45.40	Trichloorpentafluoorpropane
Dichlorohexafluoropropanes	2903.45.45	Dichloorhexafluoorpropane
Chloroheptafluoropropanes	2903.45.50	Chloorheptafluoorpropane
Other derivatives perhalogenated only with fluorine and chlorine: other	2903.45.90	Ander derivate slegs met fluoor en chloor geperhalogeneer: Ander
Chlorodifluoromethane (CFC 22)	2903.49.01	Chloordifluoormetaan (CFC 22)
Dichlorotrifluoroethanes	2903.49.03	Dichloortrifluooretane
Chlorotetrafluoroethanes	2903.49.05	Chloortetrafluooretane
Dichlorofluoroethanes	2903.49.07	Dichloorfluooretane
Dichlorodifluoroethanes	2903.49.09	Dichloordifluooretane
Dichloropentafluoropropanes	2903.49.11	Dichloorpentafluoorpropane
Other derivatives of methane, ethane or propane, halogenated only with fluorine and chlorine	2903.49.19	Ander derivate van metaan, etaan of propaan, slegs met fluoor en chloor geperhaloganeer.
Derivatives of methane, ethane or propane, halogenated only with fluorine and bromine	2903.49.20	Derivate van metaan, etaan of propaan, slegs met fluoor of broom geperhalogeneer.
Other	2903.49.90	Ander
Bromochlorodifluoromethane (Halon 1211), bromotrifluoromethane (Halon 1301) and dibromotetrafluoroethanes (Halon 2402)	2903.46	Bromochloordifluoormetaan (Halon1211), bromotrifluoormetaan (Halon 1301) en dibromotetrafluooretane (Halon 2402)

Mixtures containing acyclic hydrocarbons perhalogenated only with fluorine and chlorine	3824.71	Mengsels wat asikliese koolwaterstof bevat slegs met fluoor en chloor geperhalogeneer
Other	3824.79	Ander

## SCHEDULE 3 / BYLAE 3


1988 CONVENTION  
1988 KONVENSIË

Description of goods (1)	Tariff Heading Tariefpos (2)	Cas Number Cas Nommer	Beskrywing van goedere (3)
Hydrochloric acid	2806.10	7647.01.0	Soutsuur
Sulphuric acid	2807.00	7664.93.9	Swael-suur
Potassium permanganate	2841.61	7722.64.7	Kaliumpermanganaat
Toluene	2902.30	108.88.3	Tolueen
Diethyl ether	2909.11	60.29.7	Etieleter
Acetone	2914.11	67.64.1	Asetoon
Methyl ethyl ketone	2914.12	78.93.3	Metielelielketoon
1-Phenyl-2-propanone	2914.31	103.79.7	1-Feniel-2-propanoon
Acetic anhydride	2915.24	108.24.7	Asynsuuranhidried
Phenylacetic acid	2916.34	103.82.3	Fenielasynsuur
Antralinic acid	2922.43	118.92.3	Antranielsuur
N-acetylanthranillic acid	2924.22	89.52.1	N-asetielantranielsuur
Isosafrole	2932.91	120.58.1	Isosafrool
3,4 Methylenedioxyphenyl- 2-propanone	2932.92	4676.39.5	3,4 Metileendioksifeniel-2- propanoon
Piperonal	2932.93	120.57.0	Piperonaal
Safrole	2932.94	94.59.7	Safrool
Piperidine	2933.32	110.89.4	Piperidien
Ephedrine	2939.41	299.42.3	Efedrien
Pseudoephedrine	2939.42	90.82.4	Pseudoefedrien
Norephedrine	2939.49	154.41.6	Norefedrien
Ergometrine	2939.61	60.79.7	Ergometrien

Ergotamine	2939.62	113.15.5	Ergotamien
Lysergic acid	2939.63	82.58.6	Lisergiensuur

The salt and optical isomers of all substances included in this table, where the existence of such salts is possible, with the exception of the salts of hydrochloric acid and sulphuric acid

Die soute en optiese isomere van alle bestanddele in hierdie tabel ingesluit, waar die bestaan van sodanige soute moontlik is, met die uitsondering van soute van soutsuur en swaelsuur



A. Erwin M P  
MINISTER OF TRADE AND INDUSTRY



A. Erwin L P  
MINISTER VAN HANDEL EN NYWERHEID